



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**ONTWERP V1**

**(TEORIE)**

**FEBRUARIE/MAART 2018**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 100**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 21 bladsye.**

**AFDELING A: ONTWERPGELETTERDHEID**

**VRAAG 1: 'ONGESIENE' VOORBEELDE [10 punte]**

**Kandidate beantwoord ÓF VRAAG 1.1 ÓF VRAAG 1.2.**

1.1



1.1.1 **[Ken 8 punte in totaal toe: 'n maksimum van 2 punte per element/beginsel]**

- Kleur skema:
Die oppervlak ontwerp maak gebruik van aardse kleure wat in die natuur gevind word. ☑ Die kleure is warm sepia bruine, oranjes, geel oker en donker bruin. Hierdie identifiseer met 'n Afrika estetika. ☑ Die aardkleurige reeks harmonieuse kleure skep 'n verbintenis met *Animal Tribal*. ☑ Die agtergrond is 'n ligte beige kleurtoon wat 'n growwe tekstuur naboots. ☑

- Lyn:
Die oppervlak ontwerp gebruik sterk, opvallende lyne wat die grafiese 2D kwaliteit van die ontwerp, beklemtoon. ☑ Al die patrone is met dik *kloissonistiese* lyne wat diamant-tipe patrone vorm geskep, wat 'n eksotiese ontwerp skep. ☑ Dit lyk asof die organise lyne deur dier-patrone, seremoniële maskers, etniese objekte en plante, bv. blare en mielies geïnspireer is. ☑ Die lyne kan ook verwys na ritualistiese vellittekens of die merk praktyk wat uitgevoer is in sommige Suid-Afrikaanse kulture of gemeenskappe. ☑ Die komposisionele struktuur is in 'n kris-kruis ruitverwysing opgedeel. ☑

- Ritme:
Die herhaling van kleure, vorms, beelde en opvallende lyne skep 'n gekurfde en sig-sag ritme wat 'n eksotiese ontwerp skep. ☑ Die kurwes is in 'n kris-kruis ruitverwysing gerangskik, in kolomme of strepe wat herhalend deur die tekstielontwerp loop. ☑

- Positiewe en negatiewe ruimte:
Die oppervlak ontwerp gebruik 'n rangskikking van positiewe en negatiewe ruimtes regdeur dit met geen spesifieke fokuspunt nie. ☑ Die ontwerp maak gebruik van positiewe en negatiewe ruimtes in 'n slim manier, omrede jou oë in die beelde en vorms ingetrek word deur die sterk gebruik van kleur. ☑

**Gee krediet vir enige ander geregverdigde verklarings.**


1.1.2 **[Ken 2 punte toe]**
Die titel van die oppervlak ontwerp plaas die werk in 'n Afrika-konteks. ☑ Die oppervlak ontwerp, gebruik Afrika beelde soos dierepatrone en Afrika plante as die onderwerp wat dit 'n Afrika gevoel of estetika gee. ☑

Die vorms is gestileerd, verminder of ekonomies gebruik tot hul basis soos gesien in tradisionele Afrika ontwerpe, soos Afrika maskers wat dit ook 'n Afrika kwaliteit en estetika gee. ☑

| V1.1 Vlak | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE (10) |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Onthou, Herroep, Herken | 30% | 1.1.1 | 1 |
| | Verstaan, Verduidelik, Beskryf | | 1.1.1 | 2 |
| Middel orde | Toepas, Implementeer, Organiseer | 40% | 1.1.1 | 4 |
| Hoër orde | Analiseer, Vergelyk, Interpreteer | 30% | 1.1.1 | 1 |
| | Evalueer, Reflekteer, | | 1.1.2 | 2 |
| | Sintetiseer, Regverdig | | | |

**OF**

1.2



1.2.1 **[Ken 8 punte in totaal toe: 'n maksimum van 2 punte per element/beginsel]**

- Vorm Die lamp is geskep om 'n realistiese beeld van Suid-Afrika se nasionale blom: die Protea na te boots. ☑ Die keëlvormige 3D vorm is opgebou deur draad en 'n variasie van multigekleurde glaskrale. ☑ Hierdie krale word op 'n slim wyse gebruik om die gloeilamp van die lamp weg te steek. Die deursigtige buite blaar vorms is oop gelaat en skep 'n radiale raamwerk rondom die blom se kern. ☑ Die groot 3D vorm is beeldagtig en die uitgestrekte blare lyk asof hul ons nasionale en 'Trots Suid-Afrika' erfenis seëvier. ☑

- Lyn: Die draad wat gebruik word om die Protea te maak gee dit 'n sterk lineêre kwaliteit. ☑ Die gebuigde draadlyne boots die blomblare van 'n Protea na en voeg 'n organiese effek by. ☑ Die buitenste gedeelte van die Protea gebruik 'n radiale diagonale lyn, maar in die binneste gedeelte word lyne gebruik wat inwaarts wys en 'n sirkel van negatiewe ruimte in die middel van die blom vorm. ☑ Die lyne wat vol krale is, skep 'n gevoel van komplekse delikaatheid. ☑

- <u>Tekstuur</u>: Die gebruik van die kralewerk verleen 'n taktiese/werklike tekstuur. ☑ Die verskeidenheid van blomblaargroottes skep 'n sterk, tasbare tekstuur wat in kontras is met die kern van die Protea wat meer plat en glad lyk. ☑ Die punte van die wit binneste kern gebruik of silwer krale of LED liggies wat 'n tasbare variasie byvoeg.☑
- <u>Balans</u>: Die Protea gebruik 'n radiale balans omdat die lyne afkomstig is van die blom basis, met die buitenste blomblare wat weer buitentoe uitstraal. ☑ Die radiale balans is herhaal in die kern van die Protea, maar wys in die teenoorgestelde rigting. ☑ Die handgemaakte produk skep 'n asimmetriese balans omrede nie al die dele gelyk is nie. ☑

**Gee krediet vir enige ander geregverdigde verklarings.**

1.2.2 **[Ken 2 punte toe]**
Ontwerp moet tegnologie omhels om sodoende bestaande innoverende oplossings te verbeter wat kwaliteit van die lewe verhoog. ☑ Tegnologie speel 'n vername rol in ons gemeenskap en tyd. ☑ 'n Goeie ontwerp is nie net esteties voldoende nie, maar is ook funksioneel deur die gebruik van tegnologie. ☑

**Gee krediet vir enige ander geregverdigde verklarings.**

| V1.2 Vlak | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE (10) |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Onthou, Herroep, Herken | 30% | 1.2.1 | 1 |
| | Verstaan, Verduidelik, Beskryf | | 1.2.2 | 2 |
| Middel orde | Toepas, Implementeer, Organiseer | 40% | 1.2.1 | 4 |
| Hoër orde | Analiseer, Vergelyk, Interpreteer | 30% | 1.2.1 | 1 |
| | Evalueer, Reflekteer, | | | |
| | Sintetiseer, Regverdig | | 1.2.1 | 2 |

**VRAAG 2: KOMMUNIKASIE DEUR ONTWERP [10 punte]**

2.1




2.1.1 **[Ken 2 punte toe]**
Ontwerp aktivisme verwys na die morele onderneming wat ontwerp gebruik om kommentaar te lewer oor hoe om gemeenskaplike probleme reg te maak. ☑
Ontwerp aktivisme moedig aan sosiale verandering deur ontwerp wat bestaande norme en standaarde uitdaag. ☑

2.1.2 **[Ken 4 punte toe]**
Die jeans in die postkaart ontwerp hierbo kan jeug/lewe en lang lewe simboliseer omrede jeans meestal deur die jeug gedra word. ☑ Jeans kan ook duursaamheid simboliseer, omrede dit sterk, vir altyd hou en nie maklik voos gedra word nie. ☑
Alternatiewelik, kan jeans ook 'n mode item wees wat kulturele identiteit kan gee. ☑
Die hart is 'n simbool van die lewe, omrede die hart bloed in jou are pomp. Die kombinasie van die hart en die jeans kan goeie gesondheid simboliseer omrede jeans 'n weerstandbiedende klerasiestuk is en dus verwys dit na 'n weerstandbiedende hart. ☑

2.2 **[Ken 4 punte toe]**

**Die karakter 'Elmo' (opgestopde speelgoed**) ☑ simboliseer jou kinderjare. ☑

**Die haelgeweer** ☑ simboliseer oorlog. ☑ Die haelgeweer wat grootter as die liggaam van die kind is, simboliseer dat kinders nie toegepas is vir volwasse rolle. ☑

**Die leë agtergrond** ☑ simboliseer 'n bleek of leë toekoms en eensaamheid. ☑

**Die dun uitgemergelde lyf** ☑ van die seun simboliseer 'n gebrek aan voedingsware. ☑

**Die verflenterde klerasie** ☑ van die seun simboliseer armoede en 'n gebrek van volwasse aandag. ☑

**Die hartseer uitdrukking** ☑ op die seun se gesig, simboliseer hartseer gevoelens of teenkanting. ☑


**Gee krediet vir enige ander geregverdigde verklarings.**

| V2. Vlak | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE (10) |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Onthou, Herroep, Herken | 30% | 2.1.2 | 1 |
| | Verstaan, Verduidelik, Beskryf | | 2.2 | 2 |
| Middel orde | Toepas, Implementeer, Organiseer | 40% | 2.1.1<br>2.1.2<br>2.2 | 2<br>1<br>1 |
| Hoër orde | Analiseer, Vergelyk, Interpreteer | 30% | 2.1.2 | 2 |
| | Evalueer, Reflekteer, | | | |
| | Sintetiseer, Regverdig | | 2.2 | 1 |

## VRAAG 3

**Kandidate beantwoord VRAAG 3.1 OF VRAAG 3.2.**

3.1 **[10 punte: 'n maksimum van 2 punte per aspek]**





FIGUUR E is **beïnvloed** deur die wêreld van elektroniese speletjies of musiek vorms en **geïnspireer** deur formele, reguit tegnologiese patrone, terwyl ☑ FIGUUR F die **invloede** van tradisionele Indiese patrone en kulture wys. Dit is **geïnspireer** deur die Indiese dans kostuums en die oppervlak patrone van die kostuums. ☑ FIGUUR E kan ook beïnvloed word deur die Art Deco/Aztec se gebruik van geometriese, gefasetteerde patrone ☑ in teenstelling is FIGUUR F se gekurfde lyn patrone beïnvloed deur organiese patrone of die natuur. ☑

FIGUUR E se **teikenmark** is jong, tegnologiese behepte mense, wie byvoorbeeld, lief is om rekenaar speletjies te speel, ☑ terwyl FIGUUR F se teikenmark is mense wie lief is vir Indiese kos en eksotiese kulture.☑

Beide ontwerpe is ryklik versier met **patrone**.☑ FIGUUR E het 'n reguit, blokagtige, masjien georiënteerde patroon, maar die patroon in FIGUUR F is meer vloeiend. ☑ Die patroon in FIGUUR E skep 'n sig-sag ritme, maar die patroon in FIGUUR F skep 'n gekurfde spiraalagtige ritme.☑

FIGUUR E gebruik helder, plastiek, Popkuns **kleure** om 'n gelukkig vars gevoel te skep, ☑ terwyl FIGUUR F deur aardse, warm, bruine en groene gedomineer is om 'n ryk oppervlak te skep. ☑ Beide ontwerpe maak gebruik van sterk kontraste wat in dramatiese plakkate ontaard. ☑ FIGUUR E gebruik helder turkoois wat sterk kontrasteer met die helder rooi terwyl in FIGUUR F kontras die lemmetjie groen met die rooi. ☑

Die **fokus punt** in FIGUUR E is van die bril tot die bokant van die hoed, omdat die area swart en wit gebruik wat nie sigbaar op ander plekke is nie. ☑ Die vorm van die hoed is groot en dominant. ☑ In FIGUUR F is die fokuspunt in die gesig van die afgod omdat dit die grootste en enigste area is wat geen patrone bevat nie. ☑ Die gesig is ook met sterk, opsigtelike, neon lemmetjie groen kleur, geverf.☑

**Gee krediet vir enige ander geregverdigde verklarings.**

**NEEM KENNIS: 'n Maksimum van SLEGS 3 punte mag toegeken vir tabelvergelykende antwoorde. Maak gebruik van die kognitiewe vlakke as riglyne vir jou punte toekenning.**

| V3.1 Vlak | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE (10) |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Onthou, Herroep, Herken | 30% | | |
| | Verstaan, Verduidelik, Beskryf | | 3.1 | 3 |
| Middel orde | Toepas, Implementeer, Organiseer | 40% | 3.1 | 4 |
| Hoër orde | Analiseer, Vergelyk, Interpreteer | 30% | 3.1 | 2 |
| | Evalueer, Reflekteer, | | 3.1 | 1 |
| | Sintetiseer, Regverdig | | | |

**OF**

3.2 **[10 punte: 'n maksimum van 2 punte per aspek]**





'n Hoof**funksie** van die Kolosseum was om ongeveer 50,000 toeskouers te huisves en was gebruik vir gladiator veg kompetisies en publieke spektakels. Dit was ook gebruik vir nagemaakte see oorloë, jag van diere, onthoof van mense, die uitspeel van bekende oorloë, veldslae, en dramas gebaseer op die Klassieke mitologie. ☑ Die gebou is reeds in die vroeë Middeleeue nie meer vir onthaal doeleindes gebruik nie. Dit is later weer gebruik vir sulke doeleindes soos behuising, werkswinkels, kamers vir godsdienstige ordes, 'n fort, 'n steengroef/myn, en 'n Christelike altaar. ☑

Kopiereg voorbehou 

Alhoewel gedeeltelik beskadig is die Kolosseum nog steeds 'n ikoniese simbool van Imperiale Rome. ☑ Dit is een van Rome se populêrste toeriste aantreklikhede. ☑

Die Nelson Mandela Stadium funksioneer as 'n wêreldklas voetbal/sokker stadium en is amper so groot soos die Kolosseum en kan 46 000 toeskouers, akkommodeer. Soos die Kolosseum is dit 'n veeldoelig stadium. ☑ Die stadium spog met 49 gaste kamers, twee besigheidsitkamers, 'n gimnasium, en lesing en onthaal lokale. ☑ Daar is ook twee konferensielokale op die boonste vlak, wat 200 mense kan akkommodeer. Dit was gebou om 8 spele gedurende die 2010 FIFA Wêreldbeker-toernooi te hou, en Suid-Afrika en Port Elizabeth was gasheerstede. ☑ Dit was die eerste keer dat 'n wêreldklas voetbal/sokker stadium in die Oos-Kaap gebou is. ☑

Beide stadiums is monumentaal, eenvoudig, uitstaande, **strukture** wat die boodskap van mag oordra. ☑ Die buitekant van die Kolosseum is baie klassiek in boustyl. ☑ Die oorblywende gedeelte van die buitemuur se monumentale fasade bestaan uit drie verdiepings, die een na die ander arkade met 'n podium bo-op dit waarop 'n hoë solder gebou is, beide is met vensters wat ewe ver uit mekaar geplaas, gebreek. Die arkades word geraam deur half-kolomme van Dories, Ionies en Korintiese orders, terwyl die solder met Korintiese pilare versier is. ☑ Die buitenste fasade van die Nelson Mandela Stadium is by kontras baie kontemporêr en *hi-tech* en bestaan uit 'n unieke dakstruktuur wat gemaak is met 'n reeks 'blomblare' wat dit soos 'n blom laat lyk. ☑ Die golwende dak strukture rus op 'n beton struktuur wat geometries en Modernisties is. ☑

Soos moderne sport stadiums, het die Kolosseum toeskouers genoegsame skuiling van die son gegee danksy die innoverende afdak, die *Velarium.* ☑ Die *Velarium* was 'n enorme linne *tarpaulin* of bokseil wat gehang het aan 'n sisteem van toue, hys-apparaat en hout pale wat teen die buitenste muur vasgemaak is. ☑ Een honderd matrose is gebruik om dit op te rig. Die dak van die Nelson Mandela Sokker Stadium maak gebruik van aluminium bedekking wat afgewissel word met 'n gestrekte membraan wat ontwerp is om die toeskouers van die son en wind te beskerm. ☑

Die Kolosseum se vermoë om baie mense te huisves, het dit essensieel gemaak dat die gebou vinnig vol gemaak kon word of vinnig ontruim word. ☑ Die argitekte het soortgelyke oplossings gebruik as die van 'n modern stadium soos die Nelson Mandela stadium om met soortgelyke probleme te werk. ☑ Die Amfiteater was omring deur tagtig ingange op die grondvlak. Elke ingang en uitgang was genommer, sowel as elke stel trappe. Die Nelson Mandela Stadium maak gebruik van 32 ingange en kleurgekodeerde hekke op vlak 2 vir toeskouers om by hul sitplekke uit te kom en vier skuins op-af gange wat lei tot vlak 2 tot vlak 5. ☑ Gebou van beton en sand, was die buitemuur van die Kolosseum ten volle bedek in travertien sonder dat beton gebruik word, en dit is bymekaar gehou deur tonne yster kramme. ☑ Die bou **materiale** reflekteer die sterkte en soliedheid van die Romeinse Keiserryk. ☑

Die dak materiaal van die Nelson Mandela stadium bestaan uit 'n kombinasie van aluminium bedekking, gekombineer met 'n membraan materiaal genoem polytetraflurethylene (PTFE), wat 'n veselglas bedekte materiaal is wat oor 'n staal superstrukture getrek word. ☑ Dié materiale reflekteer die kontemporêre, tegnologiese era waarvan die stadium deel uitmaak. ☑

Die arena van die Kolosseum het 'n hout vloer gehad, maar die arena in die Nelson Mandela Stadium is met gras geplant met 'n dreineringsisteem onder die turf. ☑ Onder die arena van die Kolosseum was verskillende kamers wat wilde diere en gladiators gehuisves het. ☑

Die Kolosseum domineer die stad van Rome. ☑ Dit is simbolies en presies in die hart van Rome geplaas. ☑ Die Nelson Mandela Stadium is ook in die hart van die stad Port Elizabeth gebou en domineer die **terrein.** ☑ Die Nelson Mandela Stadium is gebou op die strand van die North End Lake en kyk oor die lagune wat verseker dat dit meer opsigtelik is. ☑

Die Kolosseum se gebruik van verskillende klassieke orders, Dories, Ionies en Korinties wys die **invloed** van Griekse argitektuur. ☑ Die Nelson Mandela Stadium se gebruik van 'n ovaal arena kon dalk **beïnvloed** wees deur die gebruik van ellipse op Romeinse stadiums. Die gebruik van innoverende, moderne materiale soos staal, veselglas, aluminium toon die invloed van kontemporêre hi-tech argitektuur aan. ☑

**Gee krediet vir enige ander geregverdigde verklarings.**

**NEEM KENNIS: 'm Maksimum van SLEGS 3 punte mag toegeken word vir tabel vergelykende. Maak gebruik van die kognitiewe vlakke as 'n riglyn vir jou punte toekenning.**

| V3.2 Vlak | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE (10) |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Onthou, Herroep, Herken | 30% | 3.2 | |
| | Verstaan, Verduidelik, Beskryf | | 3.2 | 3 |
| Middel orde | Toepas, Implementeer, Organiseer | 40% | 3.2 | 4 |
| Hoër orde | Analiseer, Vergelyk, Interpreteer | 30% | 3.2 | 2 |
| | Evalueer, Reflekteer, | | 3.2 | 1 |
| | Sintetiseer, Regverdig | | | |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: ONTWERP GESKIEDENIS [30 punte]

## VRAAG 4

**4.1 [Ken 20 punte in totaal toe]**
**[Ken 10 punte vir elke beweging toe. Neem kennis dat slegs 1 punt mag toegeken word vir die naam van 'n ontwerper en produk vir elke beweging. Gebruik die kognitiewe riglyne as 'n gids vir jou punte toekenning.]**

**Art Deco** (1920–1940) ontwerp is 'n uitstaande voorbeeld van 'n gemeenskap se reaksie op die **politiese** wreedhede van die Eerste Wêreld Oorlog wat verdere ontwikkeling van dié styl, vertraag het. ☑ As gevolg van die chaos en die verwoesting van die Eerste Wêreld Oorlog en die moontlikhede van die Tweede Wêreld Oorlog het dit definitief oor die honger vir lewe en 'n nood vir goed voel oor jouself gegaan. ☑ Art Deco is bevestig met 'n sin van emosie, entoesiasme, *glitz en glamour* en 'n vrolike speelvolle gevoel. ☑ Die **gemeenskap** was entoesiasties om voor uit te gaan. Art Deco se kliente gedurende die 20's en 30's was baie welgesteld, modebewuste kunsliefhebbers. ☑ Hulle het dit geniet om in luukse omgewings te leef, in elegante restaurant te eet en was versot daarop om vir hul couture kleredrag gekomplimenteer te word. ☑

Art Deco was dramaties verander deur die Tweede Wêreld Oorlog omrede dit te '*chic en cheeky'* was vir oorlogtyd. ☑

Art Deco ontwerpers se **doelstelling** was om vorms te eenvoudig en toepaslik vir die doel te maak. ☑ Ontwerp motiewe was gestroop tot hul eenvoudigste vorme, maar het nog steeds hul gesofistikeerder voorkoms behou. ☑



Die styl is toegepas op alle areas van ontwerp ingesluit argitektuur, interieurs, meubels mode, juwele, skilderye, grafiese ontwerp, boekbindery, keramiek, kostuum ontwerp, glas, silwer, metaalware en hoogs versierde hoof tooisels. ☑

Dit het vrylik geleen van baie van die ontwerp style uit die verlede om die toekoms te maak. Sommige voorbeelde is die Engelse Kuns en Kunshandwerk Beweging, die Franse Art Nouveau en die Duitse Bauhaus Moderniste. ☑ Die samelewing se obsessie met Afrika beeldhouwerk en Amerikaanse jazz het 'n eklektiese belangstelling in internasionale kulture soos Egipte, Aztec, Oosterse kuns en die Russiese ballet aangemoedig. ☑ Die Art Deco styl is ongetwyfeld gedefinieer deur die wolkekrabber, die sig-sag en die beelde wat deur jazz na vore gebring is. ☑

Meubels was deur die eksotiese Oosterse veneers, ivoorinlegwerk en gestileerde blommotiewe beïnvloed. ☑ Jaques Ruhlmann's (1879 – 1933) se drie-poot hoek-kabinet van verneerde rooshout met ivoor, ebbehout en rare ingelêde houtsoorte was 'n revolusie in die styl van die era. ☑

Argitektuur het 'n verskeidenheid van vorms omhels; van slanke, gestroomlynde kurwes wat met geverfde lyne beklemtoon is; vertikale wat na die hemel wys soos wolkekrabbers met 'n getrapte piramiede vorms bo-op. ☑



Die **Orient Express Stoom trein** was die beste uitdrukking van styl en 'n simbool van misterie en romanse. ☑ Die eetlokaal kompartement was versier deur die *avante garde* glasmaker René Lalique. Dit was hoogmode om op heerlike Franse cuisine onder die waarnemende oë van die '*three fates*' (godinne van Antieke tye) in stroombelynde vorm te eet. ☑

'n Ander voorbeeld wat die **mensdom** se behoefte vir spoed en vervoer geweerklank het, is die ter waterlating van die **Normandie stoomskip** in 1935. ☑ Die publieke kamers was versier in die Barok styl soortgelyk aan Louis XIV en die hof in Versailles. ☑ Tweehonderd tafels en stoele was onder 'n glansende glasdak geplaas, wat deur René Lalique ontwerp is. ☑ Massiewe pendulum dak ligte was aan beide kante geïnstalleer, die mure was bedek met gestampte glas en chroom panele, wat bygedra het tot die sprankelende weelderige atmosfeer. ☑ Kunsmatige lig het van vyf opgestapelde fonteine, wat in die middel van die ronde eetlokaal geplaas is, uitgestraal. ☑

In Amerika, was Art Deco ook hoogs geassosieer met Hollywood. Die kostuums, teater ontwerpe, *props* vir films, plakkate en ander Hollywood ontwerpe van die 1920s tot die 1940s het die styl populêr gemaak, maar in die einde was dit Hollywood se 'Screen Deco' wat verantwoordelik was dat die styl uitgesterf het. ☑

Soos Art Deco, het De Stijl, (wat eenvoudig beteken 'die styl' in Hollands), ook 'n reaksie op die **politieke situasie** van die Eerste Wêreld Oorlog. ☑ **De Stijl** het ontstaan as 'n universele visuele taal vir die moderne era en het probeer om 'n Utopia gemeenskap te skep om die vernietiging wat deur die Eerste Wêreld Oorlog veroorsaak, is te herstel. ☑ Die De Stijl-**gemeenskap** het in 'n nuwe era bestaan, 'n tydperk waar masjiene die menslike prosesse kon stroomlyn om 'n nuwe **gemeenskap** met balans tussen indiwidue en universele waardes, te skep. ☑

Kopiereg voorbehou 

De Stijl se **doelstelling** was om 'n abstrakte styl gebaseer op geometriese vorms, primêre en neutrale kleure, te skep. ☑ Hulle het op ontwerpe gefokus waar vorm-volg-funksie. ☑ Die beweging was teen die oordadige versierde kwaliteite en hulle visie was 'n universele taal en 'n spirituele wêreld orde, vir die moderne gemeenskap. ☑

Die vermindering van realiteit tot geometriese vorms, reguit lyne, vierkante, reghoeke en primêre kleure was dié **karaktereienskappe** van De Stijl. Dit was gebruik in 'n verskeidenheid van kuns en ontwerpe velde byvoorbeeld; argitektuur, stadsbeplanning, industriële ontwerpe, tipografie, musiek en in die digkuns. ☑

'n Paar belangrike konsepte het De Stijl beïnvloed; die eerste idee was Neo-Plastisisme wat verwys na die skilderstyl en idees ontwerp deur Piet Mondrian in 1917, en ingesluit by De Stijl. Mondrian beskryf Neo-Plastisisme as 'n verminderde benadering tot die maak van kuns, wat tradisionele elemente van kuns, soos perspektief en uitbeelding stroop. ☑

Die tweede konsep was grootliks geïnspireer deur Schoenmaekers se tesis *Beginselen der Beeldende Wiskunde* (Die Beginsels van Plastiese Wiskunde), wat voorgestel het dat realiteit uit 'n reeks teenoorgestelde magte bestaan byvoorbeeld, chaos versus orde, manlike versus vroulik, swart versus wit en horisontaal versus vertikaal. ☑

Die derde konsep is Elementarisme ontwikkel deur Van Doesburg waar nie net horisontale en vertikale lyne in Neo-Plastisisme gebruik was, maar ook diagonale lyne wat beweging geskep het. ☑

'n Voorbeeld van De Stijl werk wat hierdie karaktereienskappe reflekteer is **Die Scroder Huis deur Gerrit Rietveld**, Utrecht, 1924. ☑ Die vorms is verminder tot eenvoudige geometriese, afgeplatte vorms wat eenvoud en orde voorstel. ☑ Die kleure is verminder tot neutrale grys, swart en wit en gladde teksture. ☑ Hierdie kleure en teksture maak 'n bydrae tot 'n algehele gevoel van kalmte, balans en beheer. ☑

**Gee krediet vir enige ander geregverdigde verklarings.**

| V4.1 Vlak | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE (20) |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Onthou, Herroep, Herken | 30% | 4.1 | 4 |
| | Verstaan, Verduidelik, Beskryf | | | 2 |
| Middel orde | Toepas, Implementeer, Organiseer | 40% | 4.1 | 8 |
| Hoër orde | Analiseer, Vergelyk, Interpreteer | 30% | 4.1 | 2 |
| | Evalueer, Reflekteer, | | | 2 |
| | Sintetiseer, Regverdig | | | 2 |

4.2 **(Ken 10 punte toe)**





Gedurende die 17de eeuse Barok, was die argitek Gian Lorenzo Bernini aangestel om 'n kapel vir die Cornaro familie te skep. Die komposisie van die interieur van die kapel in FIGUUR I reflekteer 'n **tipiese dramatiese, Barok** teater ontwerp. ☑ Dit is in kontras met die Skandinawiese interieur ontwerp sigbaar in FIGUUR J hierbo wat fokus op **kalmte, suiwerheid, eenvoud** en funksionaliteit.

Modernistiese Skandinawiese ontwerper Alvar Aalto (1930s – 1970s) het meubel ontwerp gesien as 'n natuurlike uitvloeisel van argitektoniese denke. Sy ontwerp verteenwoordig 'n filosofie wat deur funksionaliteit, eenvoud, skoon lyne en bekostigbaar is, **gekarakteriseer** en dit is duidelik in FIGUUR J sigbaar. ☑ In kontras met Skandinawiese ontwerp, wanneer 'n mens die Barok Cornaro kapel in FIGUUR I binne loop, is die toeskouer omhels deur sensuele ontwerp en illusie effekte. ☑

Bernini se sorgsame vermenging van skilderkuns, beeldhoukuns en argitektuur verskaf 'n kragdadige, spirituele ervaring vir die toeskouer. ☑ Hierdie is die **sleutel karakter** eienskap van Barok interieur argitektuur en die primêre doelstelling van die Teen-Reformasie. Een van Bernini se bekendste beelde: *The Ecstasy of St. Teresa* beeld sy visie uit van Heilige Teresa van Avila. Die dramatiese Barok lig van die interieur is verder verhoog deur die goue hout, strale van lig wat uitstraal van bo die pediment wat die oog lei tot die beeld.☑ Soortgelyk aan die Barok era, het die Skandinawiese interieur ontwerpers ook lig as baie belangrik beskou. ☑ In FIGUUR J is lig nie gebruik om 'n verhoogde sin van drama soos wat in die Barok-era geskep is nie (FIGUUR I), maar is gebruik om 'n ambiance (gevoel)/sagte **lig** te skep met die gebruik van vloer, muur of tafel lampe. ☑

Die Barok kapel is met natuurlike lig gevul wat deur 'n versteekte venster bo en agter die beeld is skyn, wat 'n teatrale atmosfeer skep in die beperkte ruimte. ☑ Die Skandinawiese interieur maak ook gebruik van natuurlike lig maar is gefiltreer en nie so dramaties nie. ☑

Die Barok Cornaro kapel skep 'n onmiddellike indruk van 'n klein, vlak ruimte. ☑ Om die meeste van die klein ruimte te maak, het Bernini baie slim argitektoniese elemente gebruik; oordadige polichromatiese, marmer pilare word beklemtoon deur die gebroke driehoekige pediment, met gebuigde kante wat na buitentoe druk, en die hoof altaar raam. ☑ Skandinawiese interieurs is oop plan en eenvoudig en sonder enige warboel gelaat. ☑

In kontras met Barok se gebruik van polichromatiese marmer, ☑ is Skandinawiese interieur **oppervlaktes** karakteristieke van hout gemaak wat gereeld op die mure, dakke, kaste en meubels gebruik is. ☑ Die karakteristieke gedempte aardse kleure was gereeld gekombineer met wit mure en koel blou en grys tekstiele. In sekere huise, word helder aksente van geel, oranje en turkoois gevind, byvoorbeeld met die gebruik van Marimekko tekstiele en matte. ☑

Tipies van Barok ontwerp, is die gebruik van geverfde *stucco*/gepleisterde figure en wolke op die mure bokant die pediment in FIGUUR I wat die hoogte van die dak vergroot. ☑ Hierdie illusie tegniek is karakteristies van Barok interieur ontwerp en is gebruik om die grootte van die kamer verder te vergroot, sowel as om 'n sin van indrukwekkendheid te skep. ☑ In kontras verminder die Skandinawiese ontwerp in FIGUUR J oppervlak versiering en **bykomstighede**, om 'n warboel te verminder en minder visuele verbystering te hê en die bevordering van die ontwerp filosofie '*less is more*' te maak. ☑

Die hoof**doel** van Skandinawiese ontwerp is om die daaglikse lewe te verbeter. In Skandinawiese interieurs, is daar altyd 'n streng verhouding tussen ontwerp elemente en die natuur. ☑ In kontras, was die hoof doel van Barok ontwerp om 'n indruk van indrukwekkendheid van die Katolieke kerk te skep. ☑

**Gee krediet vir enige ander geregverdigde verklarings.**

**NEEM KENNIS: 'm Maksimum van SLEGS 3 punte mag toegeken word vir tabel vergelykende. Maak gebruik van die kognitiewe vlakke as 'n riglyn vir jou punte toekenning.**

| V4.2 Vlak | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE (10) |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Onthou, Herroep, Herken | 30% | 4.2 | 2 |
| | Verstaan, Verduidelik, Beskryf | | 4.2 | 1 |
| Middel orde | Toepas, Implementeer, Organiseer | 40% | 4.2 | 4 |
| Hoër orde | Analiseer, Vergelyk, Interpreteer | 30% | 4.2 | 2 |
| | Evalueer, Reflekteer, | | 4.2 | 1 |
| | Sintetiseer, Regverdig | | | |

**TOTAAL AFDELING B: 30**

## AFDELING C: ONTWERP IN 'n SOSIO-KULTURELE/OMGEWING EN VOLHOUBARE KONTEKS

**VRAAG 5 [20 punte]**

**Beantwoord EERDER VRAAG 5.1 OF VRAAG 5.2**

5.1

5.1.1 **[Ken 6 punte toe]**

Dié muurskildery is op 'n verwaarloosde gebou geverf, wat die vaal verwaarloosde area, ophelder. Die gesamentlik muurskildery projek het duidelik as sy doel verbetering van 'n verarmde gemeenskap en daarom is dit beskryf as 'n 'sosio-kulturele ontwerp'. ☑ Dit bring kuns en ontwerp binne in die gemeenskappe wat nie normaalweg toegang tot dit het nie. ☑ Die gebruik van lede van die gemeenskap as 'n vernoot in die skepping van die muurskildery is 'n bevestiging van hul waardes en ☑ verskaf 'n uitlaatklep vir kreatiewe uitdrukking. ☑ Hierdie geleentheid skep trots en 'n sin van identiteit. ☑ Die boodskap van die muurskildery '*Discover the diamond inside you'* is baie positief en word gebruik om ook 'n sin van trots en selfwaarde vir die mense wat in die area leef, te gee. ☑

**Gee krediet vir enige ander geregverdigde verklarings.**

5.1.2 **[Ken 14 punte in totaal toe]**
**[Ken 7 punte per voorbeeld toe - 1 punt vir die ontwerper en die produk]**




'n Plaaslike sosiale verantwoordelike groep is Metropolitanrepublic. Hulle produk is die *Wimpy Braille Burger*. ☑

Metropolitanrepublic se **doel** is om dinge anders te benader. ☑ Hulle kyk na wat die besigheid se uitdagings is en kom op met besigheidsprobleem oplossings-idees. ☑ Hulle hoof doel is dat kulturele relevansie 'n deel van handelsmerke word, hulle produkte, en hul dienste. Hulle verseker dat hulle ontwerp kultureel relevant is, en daarom vestig hulle hul idees in die konteks waarin hul toeskouers is – dit lei na advertering waarmee hul kliënte kan identifiseer. ☑ Metropolitanrepublic het tans projekte in vyf lande op die kontinent (ingeslote SA). ☑ Hulle sien hulle werkers as burgers van Metropolitanrepublic. ☑ Andersins as agentskappe wat 'n meer tradisionele model volg, glo hulle dat hulle in 'n na-digitale era is en dat alle **mediums**, oud en nuut, het 'n rol om te speel en is relevant. ☑

Metropolitanrepublic het as 'n advertensie agentskap begin, 'n bietjie meer as drie jaar terug. Hulle het nie aan hulself as 'n advertensieagentskap gedink nie. Hulle skep 'n variasie van goedere, van hulle is wel advertensies. ☑

'n **Analise van een werk** wat verduidelik hoe sosiale bemoeienisse in die werk aangespreek is: Metropolitanrepublic het 'n veldtog geskep vir visueel gestremde mense deur braille spyskaarte vir Wimpy te ontwerp. ☑ Met die hulp van opgeleide kokke, is sesamesaad op 15 burger rolletjies geplaas wat in braille die tipe burger beskryf het en die indiwidue in gelig het oor die beskikbaarheid van hul braille spyskaart. ☑ Die braille burgers was afgelewer by die drie grootste blinde instansies in Suid-Afrika en het 'n oorweldigende emosionele impak op die werkers by die organisasies gehad. ☑ Hierdie beskrywings het dié mense die vaardigheid gegee om hul kos te 'sien' voordat hulle dit geëet het. ☑ Die uitdrukking van blydskap op hul gesigte soos hulle die boodskap gelees het, was 'n uiters slim aanduiding dat 'n klein bietjie ekstra 'n vêr pad kan loop. Hulle kon nie glo, dat in 'n wêreld wat meestal siende mense akkommodeer, 'n ketting restaurant die ekstra myl kan loop, net om hulle welkom te laat voel nie. ☑ Die boodskap was oorgedra na meer as 800,000 visuele gestremde Suid-Afrikaners en die veldtog het menigte toekennings gekry; insluitend Gold Clio, Gold en Silver Cannes, One Show Gold en 'n Goue Loerie. ☑

Die ongelooflike '*word of mouth'* wat deur so 'n klein groep mense geskep is, is wat die advertensie so uitnemend maak. Wimpy doen uitstekende werk om 'n nismark te bereik en hulle in te lig dat hulle waardeer word. ☑ Hulle het die geleentheid gebruik om behoeftes wat tans nie in die visueel gestemde gemeenskap aangespreek is nie, en as gevolg hiervan kon hulle ernstige voordele kry.☑

KONTEMPORÊRE INTERNASIONAAL: 'Luz nas Vielas,' deur Boa Mistura street art collective.

Die multi-dissiplinêre kuns-koöperasie Boa Mistura se **doelstellings** is om grootskaalse muurskilderye in publieke ruimtes te skep met die bedoeling om gemeenskappe te verbeter en te inspireer. ☑ Vanaf hul studio in Madrid, het hulle projekte hul so vêr as Suid-Afrika, VSA, UK, Brazilië Mexiko en Algeria, geneem. Die hoof motivering vir die ontstaan van die groep was om saam pret te hê, wat gereflekteer is in die *joie de vivre* en hul kleur in hul werk.☑ Boa Mistura fokus hoofsaaklik op graffiti en gemeenskap bou met 'n missie om die wêreld meer kleurvol te maak. ☑ Die kleure wat hulle gebruik is helder en suiwer. ☑ Die naam van die stadskunsgroep, wat in Portugees 'goeie mengsel' beteken, verwys na die verskil van perspektiewe en talente van elk van die lede wat in hul werk gebruik word. ☑ Die span bestaan uit argitekte, ingenieurs, skone kunstenaars, grafiese ontwerpers en advertensie spesialiste. ☑ Voordat hulle 'n nuwe straatkunsprojek aanpak, vra Boa Mistura vir riglyne van die belangrikste aspek van 'n gemeenskap — die mense daarin. '*We like to feel the place, talk with the local people, breath the atmosphere and be inspired before start working'* het Purone gesê. ☑

**Een werk** '**Luz nas Vielas,'** is in Sao Paulo favela (township/lokasie) van Brasilandia. Die mure van die stad is met helder kleure geverf en gebruik 'n slim visuele illusie — geverfde woorde is gebruik wat lyk asof hulle dryf wanneer van 'n spesifieke perspektief besigtig word. ☑ Met woorde wat positiewe emosies uitdruk soos 'Amor' (liefde) en'Firmeza' (stabiliteit), is hierdie projek in lyn met die groep se missie om gemeenskappe te verbeter. ☑

**Gee krediet vir enige ander geregverdigde verklarings.**

| V5.1 Vlak | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE (20) |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Onthou, Herroep, Herken | 30% | 5.1.1<br>5.1.2 | 1<br>2 |
| | Verstaan, Verduidelik, Beskryf | | 5.1.2 | 3 |
| Middel orde | Toepas, Implementeer, Organiseer | 40% | 5.1.1<br>5.1.2 | 3<br>5 |
| Hoër orde | Analiseer, Vergelyk, Interpreteer | 30% | 5.1.1 | 1 |
| | Evalueer, Reflekteer, | | 5.1.1 | 1 |
| | Sintetiseer, Regverdig | | 5.1.2 | 4 |

5.2 **[20 punte in totaal]**

5.2.1 **[Ken 4 punte toe]**

Ja ek stem saam met die stelling omdat die wasgoed mandjie ontwerp van die isiZulu graan mandjie aangepas is, dit word genoem Isichumo. ☑ Die tradisionele graan mandjie is geweef met afgewisselde styf en oop weefmetodes wat toelaat dat die lug kan sirkuleer sodat die graan nie kan muf nie en hou so ook insekte uit. ☑ Dieselfde weeftegniek is in die wasgoed mandjie gebruik omdat lug sal sirkuleer om dit droog te hou. ☑ Die tradisionele vorm van die graan mandjie is aangepas van 'n klokvorm tot 'n verlengde ronde vorm om wasgoed te akkommodeer. ☑ Dit wys hoe tradisionele kunshandwerk aangepas is vir kontemporêre gebruik, wat dit ook relevant maak vir die kontemporêre wêreld. ☑

Nee, ek stem nie saam met die stelling nie omdat dit 'n verlies van tradisionele items is, dit kan negatiewe idees oor 'n spesifieke gemeenskap kommunikeer. ☑ Mense sal die oorspronklike estetiese gebruik van natuurlike materiale en die oorspronklike funksie van die isiZulu graan mandjie vergeet. ☑ Dit bedreig die tradisionele kultuur, gebruike, identiteit en bewaring van die Afrika kontinent se ryk en diverse geskiedenis. ☑ Dit bly ons verantwoordelikheid om te sorg vir, en ons inheemse kunshandwerk te bewaar, in hul oorspronklike konteks, funksie, vorm en estetika. ☑

5.2.2 **[Ken 6 punte toe]**

Titel: **ISIZULU INHEEMSE KUNSHANDWERK** deur die Zulu gemeenskap van Suid-Afrika, KZN. Die Isichumo-watermandjie (waterdigtheid) ☑
Dié mandjie, geweef deur die isiZulu, is 'n regop, bottelvormige mandjie ☑ gebruik vir die dra en stoor van vloeistowwe (gewoonlik water), dit het 'n deksel wat oor die nek pas soos 'n doppie. ☑ Hierdie water mandjies is een van die mees ingewikkelde ontwerpe om te skep, omrede die nou nek en die baie styf weeftegniek wat dit waterdig maak. ☑ Tipies, is twee groottes van die styl mandjie geskep. Die mandjies is met die Ilalapalmblare geweef. ☑ Die vroeë funksionele mandjies het eenvoudige kleurskemas gehad. ☑ 'n Groot mandjie wat in die hut sou gehou word kon ongeveer 30–40 liter water hou (tipies genoeg vir 'n familie en sy diere vir twee dae). ☑ 'n Kleiner mandjie (wat 5–15 liters kan hou), sou gebruik word vir die vervoer van water (op vrouens se koppe vir 8km heen en weer) van die bron na die groot houer toe. ☑

5.2.3 **[Ken toe 10 punte: ken toe 1 punt vir die naam van die ontwerper en die produk]**



Inkopiesak deur Binky Newman van Design Afrika. ☑

Binky Newman en haar span wie almal goeie ambagsvaardighede besit, het Design Afrika gestig. Design Afrika kombineer relevante tradisionele Afrika en kontemporêre kunshandwerk **tegnieke.** Hulle **doel** is om die kreatiewe en entrepreneurskap vaardighede van plaas/dorpgemeenskappe te versorg. ☑ Inspirasie vir nuwe ontwerpe is gevind deur te reis na afgeleë areas oor die kontinent in die hoop om 'n mandjie te vind wat in 'n tegniek geweef is wat gereken was om uitgestorwe te wees. ☑ Binky Newman spandeer baie tyd in afgeleë dorpe in Afrika, waar sy met gemarginaliseerde vrouens werk wie 'n antieke oorgeërfde mandjie weef tegniek ken. ☑ Vir die 2015 reeks **fokus** Binky op die gebruik van geometriese patrone, ☑ handgeweef, ☑ en organies of mensgemaakte materiale. ☑ Die **inkopie sak** ontwerp deur Design Afrika gebruik **materiale** soos raffia en gras wat nie so buitengewoon is nie omdat dit tradisioneel gebruik word regdeur Afrika in 'n verskeidenheid vorms. ☑ Die **inkopie sak** is 'n veranderde vorm van die tradisionele graan mandjies. ☑ Binky het die tradisionele vorm na 'n meer kontemporêre vorm verander. ☑ Deur die gebruik van tradisionele Afrika weef **tegnieke** en steke, het Design Afrika 'n suksesvolle verskeidenheid objekte geskep.☑ Met hierdie reeks het Design Africa die **bedoeling** om 'n unieke en vars reeks, te skep. Verder het hulle die grense vervaag/oorskry tussen funksioneel en beeldagtige vorm, ☑ ontwerp en kunshandwerk ☑ hoë en lae kunshandwerk. ☑

**Gee krediet vir enige ander geregverdigde verklarings.**

**Geen punte moet toegeken word vir die herhaling van ontwerp/s en hul werk wat in die vraestel gebruik is**

| V5.2 Vlak | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE (120) |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Onthou, Herroep, Herken | 30% | 5.2.2 | 1 |
| | Verstaan, Verduidelik, Beskryf | | 5.2.2<br>5.2.3 | 2<br>3 |
| Middel orde | Toepas, Implementeer, Organiseer | 40% | 5.2.2<br>5.2.3 | 3<br>5 |
| Hoër orde | Analiseer, Vergelyk, Interpreteer | 30% | 5.2.1 | 4 |
| | Evalueer, Reflekteer, | | 5.2.3 | 1 |
| | Sintetiseer, Regverdig | | 5.2.3 | 1 |

**VRAAG 6 [20 punte]**

6.1 **[Ken 3 punte toe]**

Die term bioafbreekbaar in FIGURE M verwys na die kartonraamwerk se kapasiteit om af te breek en terug na natuurlike materiaal in die natuurlike tuin omgewing te keer ☑ sonder dat enige giftige of beskadigde stowwe agter gelaat word nie. ☑ Op hierdie wyse is die kartonraamwerk omgewingsbaatbaar, omdat dit vinnig afbreek en stortterrein ruimte spaar, sonder dat dit die omgewing skade berokken. ☑

**Gee krediet vir enige ander geregverdigde verklarings.**

6.2 **[Ken 3 punte toe]**

Die ekonomiese belangrikheid van volhoubare ontwerp is dat dit negatiewe omgewingsimpakte vernietig, deur hergebruik aan te moedig deur die versamel van korrekte/relevante materiale vir hergebruik in ontwerp produkte. ☑ Hierdie manier genereer 'n groter ondersteuning op natuurlike materiale wat goed kan saamwerk met die omgewing. In hierdie opsig, genereer ontwerpers 'n inkomste van weggegooide materiaal wat op stortterreine gelos is. ☑ Op 'n sosiale vlak, sluit volhoubare ontwerp in dié deel van kennis, verbeterde omgewingskwaliteit en 'n verbeterde woonbuurt. ☑

**Gee krediet vir enige ander geregverdigde verklarings.**

6.3 **[Ken 14 punte toe]**

**[Ken 7 punte per voorbeeld toe – 1 punt vir die ontwerper en ontwerp]**

**VOORBEELD VAN 'n SUID-AFRIKAANSE ONTWERPER:**




- **Naam van die ontwerper/ontwerp agentskap of studio en 'n titel van een hoof projek wat deur die ontwerper onderneem is. [Ken toe 1 punt]**
  PPC Sement skoot rekenaar sakke deur Wren Designs. ☑

- **Kort beskrywing en analise van ten minste een hoof projek/sisteem onderneem deur die ontwerp studio.**

Die PPC Sement skoot rekenaar sakke is van Pretoria Portland Sement papier sakke gemaak. ☑ Die lae van die leë PPC papier sak is verdeel; die boonste laag is verwyder en met die derde laag geplak. Hierdie twee laer word dan saam geplak met 'n swart katoen om duursaamheid van die sak te verseker. ☑ Die papier van die sak is dan behandel met tegnieke van saamsmelt en sprei (*nanotechnology liquid glass*) om die sterkte van die materiaal te verhoog. ☑ Die patroon is dan geteken, gesny en aan mekaar gestik, nadat die papier behandel is. Die sak het twee afdelings en twee kleiner sakkies: een om jou skoot rekenaar se kabels in te dra en 'n iPhone of muis in die ander. Die geïnsuleerde afdeling verdeel jou skootrekenaar van enige ander papiere of notas, en die hele binnekant van die sak is ook geïnsuleer om alles wat jy daarin dra, te beskerm. ☑ Die sakke is waterdig 840g en 39 x 6 x 26,5cm. Die sak maak styf toe omrede die twee magnete wat binne in die flap weggesteek is, maar die sterkte van die magnete sal nie skade aan elektroniese apparate doen nie. ☑

- **Die doelstellings en inspirasies met verwysing na die materiale**

Die origami geïnspireerde skoot rekenaar sak, hergebruik leë sement sakke, dus word die hoeveelheid afval op afvalterreine verminder. ☑ Dit verminder die negatiewe omgewings impak (Koolstof voetspore). ☑

**VOORBEELD VAN 'N INTERNASIONALE ONTWERPER**



- **Naam van die ontwerper/ontwerp agentskap of studio en 'n titel van een hoofprojek wat deur die ontwerper onderneem is. [Ken toe 1 punt]**

Tripty rugsak deur die Tripty Project. ☑

- **Kort beskrywing en analise van ten minste een hoof projek/sisteem onderneem deur die ontwerp studio.**

Die Tripty rugsak is deel van The Tripty Project klere reeks, ontwerp van afval landbou byprodukte van pynappels, addisioneel herwinde materiaal en van organiese klein hoeveelhede katoen. Die Tripty rugsak is gemaak van verflenterde pynappel afval, ☑ natuurlik gekleur deur die gebruik van indigo en natuurlike boombas kleurstowwe. ☑ Die rugsakke is in twee kleure beskikbaar, 'n lewendige blou en 'n pienk, beide met af-wit aksente met 'n seil/canvas-tipe tekstuur. ☑ Die rugsak is beide 'n stylvolle item en 'n funksionele produk. ☑ Die rugsak maak oop en toe deur 'n opening wat voorgeplaas is. ☑

- **Die doelstellings en inspirasies met verwysing na die materiale**
  Die Tripty-projek skep bykomstighede en klere van herwonne materiaal gebaseer op 'n etiese behoefde voorsien-ketting wat beide omgewings en ekonomies volhoubaar is. ☑ Deur hul gebruik van herwinde bronne, verminder hulle die negatiewe omgewings impak deur die hoeveelheid afval wat op afvalstortterreine beland, te verminder. ☑

  **Gee krediet vir enige ander geregverdigde verklarings.**

| V6 Vlak | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE (20) |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Onthou, Herroep, Herken | 30% | 6.1.1 | 2 |
| | Verstaan, Verduidelik, Beskryf | | 6.1.2<br>6.1.3 | 2<br>2 |
| Middel orde | Toepas, Implementeer, Organiseer | 40% | 6.1.1<br>6.1.2<br>6.1.3 | 1<br>1<br>6 |
| Hoër orde | Analiseer, Vergelyk, Interpreteer | 30% | 6.1.3 | 2 |
| | Evalueer, Reflekteer, | | 6.1.3 | 2 |
| | Sintetiseer, Regverdig | | 6.1.3 | 2 |

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou